LAERSKOOL BEAUMONT

Liewe Ouers 17 Februarie 2011

Die volgende sake is vir u aandag:

1. WêRELDBIDDAG VIR VROUE

Hierdie spesiale dag op die skoolkalender sal op **Vrydag 4 Maart 2011 vanaf 08:15 tot 08:45** in die skoolsaal gevier word. Al ons mammas word uitgenooi om by ons aan te sluit wanneer ons 'n spesiale program vir ons dogters aanbied. Die fokus sal op gebed wees. Die seuns sal toegespreek word oor sake wat spesifiek op hul van toespassing is vir hierdie jong ouderdom.

2. KASKARWEDRENNE – WOENSDAG 2 MAART 2011

Dit is weer tyd vir die leerders se gunsteling item vir die jaar! Hierdie dag belowe om weer propvol pret en plesier te wees soos in die verlede. Hierdie is een geleentheid waarby die leerders hulself kan geniet terwyl ons terselfdertyd ook geld insamel vir die skool. Elke leerder sal vandag 'n borgvorm ontvang en ons wil u ernstig versoek om u kind/ers by te staan om soveel as moontlik borgskappe te bekom. Daar is opwindende aansporingspryse vir die leerders. 'n Lys met die tye vir elke wedren sal nader aan die datum saam met u kind/ers huis toe gestuur word.

3. SPORT SPOGHOEKIE

Die Greydogs Downings Liefdadigheids Swemgala sal op Saterdag 5 Maart 2011 by Beaumont aangebied word. Alle swemmers word uitgenooi om vir hierdie opwindende gala in te skryf. Swemmers sal fondse insamel vir die Bizweni Sentrum vir Gestremde Kinders. Swemmers wat 'n 1ste, 2de of 3de plek behaal, sal Audi/Bizweni medaljes ontvang en geborgde pryse vanaf Second Skin en HEAD sal ook gewen kan word. Daar kan 'n keuse tussen verskeie swemstyle gemaak word. Die Hoofgala is gemik op 7-14 jariges en die Mikro Gala is 'n pretgala vir leerders van 5-7/8 jaar oud. Inskrywingsgeld is R30 per item en R30 vir Mikro swemmers. Inskrywingsvorms kan verkry word van www.geydogs.co.za/charitygala.php. Inskrywings sluit op 18 Februarie 2011.

Benbel Interskole

Die Jaarlikse Benbel Interskole Atletiekbyeenkoms is op Vrydag en Saterdag 11 en 12 Februarie 2011 by Laerskool De Hoop aangebied. Die byeenkoms was in alle opsigte 'n groot sukses en Beaumont het goed gevaar. Hartlik geluk aan Shannon-Lee Smith en Arend Stapelberg wat die Victrix en Victor Ludorum trofees ontvang het. Beaumont het 'n derde plek verower, alhoewel ons vir die grootste deel van die oggend 'n tweede plek beklee het. Ons kon egter nie tydens die laaste paar wedlope die pas volhou nie. Baie geluk aan al die atlete wat goed presteer het en net hul bes probeer het.

Judo

Kevin en Sean Snyman het aan die Boland Judo Kampioenskappe deelgeneem. Hierdie Boland Provinsiale vlak Judo Kompetisie is in die Paarl aangebied. Kevin het 'n eerste plek behaal in die seuns O/14-groep vir die onder 46kg afdeling en Sean het 'n tweede plek behaal in die O/10- groep vir die onder 34kg afdeling. Baie geluk!

Driekamp en Spur Avontuurwedloop

Andrew Wyatt het onlangs aan die Westelike Provinsie Pret Driekampbyeenkoms deelgeneem. Hy het 'n 3de plek behaal. Hy en James Molenaar het ook verlede naweek aan die Spur Avontuur Pretwedloop deelgeneem en hulle het 'n vierde plek behaal. Baie geluk aan hierdie twee seuns.

4. NUUS VANUIT DIE KANTOOR

Ons vra asseblief alle ouers, veral die nuwe Gr 1 mammas of pappas, en soms albei, om nie voor die einde van die skooldag in die gange van die Gr 1- en Gr 2-klaskamers en in die Gr 1-speelterrein te wees nie. Ons sal dit waardeer indien u op die pawiljoen of in die area langs die tuin (van der Merwestraat) vir u kind sal wag. Nuwe ouers van leerders in die hoër grade moet ook seker maak dat hul kinders weet waar hulle hul na skool of selfs na 'n sportoefening sal kom haal. Dit is Beaumont se beleid dat geen ouers op die skoolterrein mag wees indien hulle nie persoonlik by die kantoor aangemeld en toestemming van die sekretaresses verkry het om wel die skoolgebou binne te kom nie. Ons sal dit waardeer indien u aan hierdie versoek kan voldoen.

U begrip en samewerking in hierdie verband sal hoog op prys gestel word.

5. ECO NUUS

HERWINNING:

Die herwinningspan van 2010 groet hul leier van die afgelope 3 jaar, Lisa White, met 'n seer hart. Lisa het die herwinningsprojek opgebou tot wat dit vandag is. Ons kan haar net bedank vir haar ongelooflike spangees, ywer, harde werk, proffesionaliteit, motivering en lojaliteit.

Ons verwelkom die 'nuwe' Groenspan van 2011 wat bestaan uit Sandra Bothma (BPA)en die volgende onderwysers van Beaumont: Ilse van Niekerk, Helene Saayman en Roné Frylinck. Ons weet dat die standaard, ywer en entoesiasme waarmee 2011 aangepak gaan word, nog baie vrugte sal werp!

Wat word herwin?

Hartlik welkom aan al die nuwe Beaumont ouers. Beaumont is 'n eko-skool wat beteken dat ons alles in ons vermoë doen om 'groen' te wees. Een van ons maniere is om vullis in te samel wat herwinbaar is.

Dit sluit in: Papier, karton, plastiek, polistireen, blik en glas. Bring dit in sakke na enige van die twee insamelingspunte (Ingang by Onse Jan en by die ingang in Van der Merwe straat.) Die herwinningspan dra ORANJE hemde en is elke Maandagoggend vanaf 07:00 tot 08:00 by hul onderskeie punte om u te help.

NUWE herwinningssisteem

Elke leerder wat 'n sak herwinning bring, kry 'n plakker. Slegs EEN plakker word gegee, ongeag die aantal sakke wat gebring word. Die klasonderwyser merk dan dié met 'n plakker af op die klaslys wat gebruik word om die herwinningsgemiddelde per klas uit te werk. Dit werk op 'n kompetisiebasis waar die klasse met die hoogste gemiddelde, aan die einde van die jaar met 'n groot prys sal wegloop!

Ons moedig egter die leerders aan om ten minste een VOL Pick 'n Paysak herwinning te bring. Die tendens het ontstaan dat 'n leerder sy sak tussen al die maats verdeel wat nie herwinning gebring het nie om sodoende die klasgemiddelde te verbeter. Dit is oneerlik en sal nie geduld word nie. Indien 'n kind nie ten minste een vol sak herwinning bring nie, sal hy/sy nie 'n plakker kan ontvang nie.

Ouers moet ook bewus wees dat die leerder SELF die herwinning moet bring, aangesien die plakkersisteem slegs sal werk as 'n 'sien jou kry plakker' beleid toegepas word.

Herwinningsinkomste

Met slegs 4 Maandae in 2011 agter die rug, het ons reeds 'n ongelooflike 8960kg herwin, wat 'n inkomste van R3584 vir Beaumont beteken! Ons moet altyd streef om hierop te verbeter, so HERWIN alles en onthou, hoe meer **GLAS**, hoe swaarder die gewig wat 'n groter inkomste verseker.

Ons het in 2010 R38 000.00 vir die volle jaar verdien. Ons mikpunt is om hierdie bedrag in 2011 te verdubbel.

Baie dankie

Ons bedank by voorbaat al die ouers wat hierdie jaar by die herwinningspan betrokke gaan wees en hard gaan werk om 2011 die beste jaar nog te maak.

Ook bedank ons by voorbaat almal se ondersteuning en hulp in hierdie verband. Al wat verwag word, is om elke Maandag jou herwinning te onthou!

6. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 18 Februarie	:	Gr R-3 Nasorg Oorslaap
	:	Koorkamp
Saterdag 19 Februarie	:	Kuilsrivier Atletiekbyeenkoms by Blue Downs
Maandag 21 Februarie	:	The Mall Krieket Toerspan
	:	Tennistoernooi in Sun City
	:	BL/BOV funksie
Dinsdag 22 Februarie	:	The Mall Krieket Toerspan
	:	Tennistoernooi in Sun City
	:	Sone Swemgala by Somerset House
Woensdag 23 Februarie	:	Entrepreneurskapsdag vir Gr 7-leerders
	:	Tennistoernooi in Sun City
Donderdag 24 Februarie	:	Tennistoernooi in Sun City
	:	Welpie Atletiekbyeenkoms by Beaumont (Gr R-2) genooide skole om 15:00
Vrydag 25 Februarie	:	Tennistoernooi in Sun City
	:	Valentynsokkie O/13 Sporttoer Fondsinsamelingsprojek
Saterdag 26 Februarie	:	WP Atletiekbyeenkoms
Dinsdag 1 Maart	:	Indigo Spur Sosiale Aand
	:	Toetsreeks: Wiskunde SLEGS Gr 7
Woensdag 2 Maart	:	Toetsreeks: Gr 7 Aardrykskunde
		(sal voor die Kaskarwedrenne geskryf word)



Vriendelike groete

Mnr Les Kets
Adjunkhoof

03/2011